

Woensdag 1 Mei

Skrifgedeelte: Jesaja 43:1-21

**Fokusgedeelte: Jesaja 43:1 (HK
Sondag 9)**

Die Hére is die Formeerder van die kerk!

Kerkgeskiedenis is daardie gebeure wat met God se kinders gebeur. Die afgelope tyd was 'n rowwe tyd! Ek het by twee grafte gestaan. 'n Paartjie getrou. By 'n wieg vra die oupa: "Wat gaan tog van hierdie kindjie in hierdie land word?!" By twee siekbeddens: 'n klein babatjie draai by die dood om én 'n lydende tannie smee om te sterf ... Sondag 9 praat van die "jammerdal" wat die Here oor my beskik het en wat Hy tot my beswil sal verander. Wat is jóú jammerdal?

Die kerk is in die tyd van Jesaja 43 in ballingskap. Hulle jammerdal is: Hulle eiendomsreg is weggevat, weggedryf van hulle geboorteland. Die HERE sê vir hulle: As julle weer kan onthou WIE die oorsprong van die kerk is, sal julle getroos kan wees in julle jammerdal.

Die Verbondsgod spreek hulle aan as "Jakob" (= "bedrieër" of "sondaar") en ook as "Israel" (= "stryder/man van God"). Vroeër – by die Jabbokrivier – het God Jakob tot bekering gebring en gesê dat hy nou Israel is. God, as Vader, sal vir hom sorg en sy jammerdal tot sy beswil verander. Jesaja 43 sê: die HERE is die Skepper, in sy almag kán dit doen! En Hy wíl dit doen, Hy is die Formeerder! Dít is God ook vir jóú, kerkmens!

- God se Skepper- en Formeerder-wees lê in die *ewigheid*. God het jóú, die kerkmens, reeds in die ewigheid uitverkies. Jou naam is reeds dáár in God se handpalms ingegraveer. Tóé het God alreeds gesê: "Ek het jou by die naam geroep; jy is Myne!"
- Maar ook toe die ewigheid *tyd* geword het, het God sy kerk geformeer. Die heidense Abraham word geroep. Of Isak, wat uit 'n afgestorwe moederskoot gebore is. Of jyself, toe jy in die geheim in die moederskoot gevorm is (Ps. 139). Tóé het God jou bestem as 'n man, 'n vrou, 'n genie, of as 'n gestremde ... God wou spesifiek iemand soos jý in hierdie tyd in sý Koninkryk gebruik!
- Sonder menslike toedoen word die Seun van God uit 'n vrou gebore op God se tyd. Sý dood en opstanding betaal vir al ons sondes. Ons jammerdal verander na die ewige rus saam met Hom.
- In Calvyn se tyd reformeer God die Christelike kerk. In 1652 word gereformeerde lidmate gestuur om vanaf die Kaap tot ver in die noorde die evangelie te verkondig.
- Die prostituut Ragab en die moordenaar langs Jesus kom tot bekering. Haar, sy én jou naam is op God se handpalm geskryf! God kom in ons jammerdal in op sý tyd en sê: Jy is Myne! Ek het jou geformeer tot my kind. Ek sal vir jou sorg.

As "jammerdalle" (water, vuur, grondonteiening, siekte ... wat ook al) op jou pad kom, sal dit jou nie verswelg nie. God sal dit tot jou beswil verander.

Sing: Psalm 33-1:6, 7, 11

Ds. AH Stavast (Arie) (Kroonstad)